# Waarom ‘nagmaal’ 'n euwel is

Die ‘sakrament’ van ‘nagmaal’ is 'n mensgemaakte tradisie wat totaal uit verband geruk is uit die Apostoliese Skrifte om eintlik die boodskap van verlossing, die ‘evangelie’, te verbloem. Meeste mense dink hierdie ‘nagmaal’ is ter herinnering aan die liggaam en bloed van *Yeshua*, maar dit volg in der waarheid 'n tradisie wat baie ouer is en ook meer vals.

Die gedagte van ‘eet-die-liggaam’ is beoefen deur navolgers van *Adonis*, *Attis*, *Osiris* en verskeie ander heidense gode van duistere gelowe om aanbidders met hul opperste wese te verbind. Vandag beoefen baie kerke steeds daardie euwel deur die broodjie en die sap aan hul aanbidders aan te bied.

Die moderne ‘nagmaal’ of eucharistie is nie wat *Yeshua* in gedagte gehad het nie toe Hy gesê het:

> *Luqas* 22 [19]“Dít is My liggaam, wat in die plek van julle lewens gegee word; hierdie moet julle doen tot My gedagtenis.”

Die nag voor Sy dood, het ons Verlossing die *Pesach* gedenk saam met Sy *talmidim*, soos ons sien in *Mattityahu* 26:17-24. Gedurende hierdie *Pesach* maaltyd het Hy gesê: “Dít is My liggaam...” en “Hierdie beker is die nuwe verbond in My bloed,”. Ons *Mashiach* het nie op hierdie stadium ‘nagmaal’ ingestel nie. Hierdie woorde is gespreek gedurende en rondom die *Pesach* herdenking. Met die wyn en ongesuurde brood het *Yeshua* Sy goedkeuring geplaas op die *Pesach seder*. Hy het dit baie direk gestel: “...hierdie moet julle doen tot my gedagtenis”.

Sedert die tyd van *Mosheh* het die Hebreërs, die volk van *Yisra’el*, die uittog uit *Mitzrayim* gevier met 'n gedenkwaardige maaltyd. Hierdie maaltyd het gewoonlik wyn, ongesuurde brood, bitter kruie en lamsvleis ingesluit, soos dit oorspronklik was voordat hulle uit *Mitzrayim* vertrek het. Volgens *Vayiqra* 23 en *Sh’mot* 12 word *Pesach* beskou as 'n opdrag vir alle navolgers van en gelowiges in Skrif:

> *Sh’mot* 12 [24]Julle moet dit hou as ’n vasgestelde tyd vir julself en vir jul kinders, **vir ewig**. (nadruk bygevoeg)

*Yeshua haMashiach* het *Pesach* gedenk voor Sy dood en *Sha’ul* en die *talmidim* het dit gevier lank na *Yeshua* se hemelvaart. Ons sien:

> *Luqas* 22 [8]en *Yeshua* stuur vir *Kefa* en *Yochanan* en sê: “Gaan berei die *Pesach*ete vir ons voor dat ons dit kan eet.”

Ons Verlossing was hier besig om die *talmidim* te leer om Hom in herinnering te bring elke jaar wanneer hulle *Pesach* vier. *Sha’ul* het vir ons geleer:

> 1 Korinthiërs 5 [7]Gooi die ou suurdeeg uit sodat julle ’n nuwe stuk deeg kan wees, soos wat julle eintlik ongesuurd is, want ons *Pesach*lam, Die Gesalfde Een, is vir ons geslag. [8]As gevolg hiervan, laat ons dan die fees hou, nie met die ou suurdeeg of met suurdeeg wat in boosheid of bitterheid is nie, maar met die ongesuurdheid van reinheid en afgesonderdheid.

*Pesach* was streng deur *Yeshua* se volgelinge onderhou totdat die Rooms-Katolieke Kerk (RKK) se leiers die brood en wyn geskei het om 'n ‘sakrament’ te vorm wat verskeie ander gelowe sou weerspieël. Die gedagte van gedaanteverandering of ‘transubstansiasie’ is vele jare later bygevoeg om verskillende volkere tevrede te stel wat die gebruik gehad het om kelkies met bloed te drink om die eienskappe van die dooie persoon of dier te kon aanneem.

Alhoewel die Protestantse Hervorming sekere veranderinge teweeg gebring het, neem Christene wêreldwyd deel aan hierdie diaboliese gebruik sonder om die ware betekenis van *Pesach* te kan begryp,

suiwer as gevolg van leuens vanuit die RKK en verskeie ander geledere. Die fout van ‘nagmaal’ het ongelukkig gekom om te bly, alhoewel dit nie so behoort te wees nie. Laat ons dit probeer reg stel.

Ons moet in geheel die volle *Pesach* maaltyd en geleentheid geniet en dit nooit verwar met ‘nagmaal’ nie, ook nie toelaat dat ‘nagmaal’ dit vervang nie. Nagmaal bestaan nie en is bloot 'n heidense instelling om ons, as gelowiges, weg te trek van die werklike Verlossing, *Yeshua haMashiach*.

Tydens die verwelkoming van *Shabbat* is dit gebruiklik om brood en wyn te gebruik en dit te seën. Dit is egter nie ‘nagmaal’ nie, maar 'n liefdesmaal tot eer van Vader-*YAH*, in dankbaarheid vir die week wat verby is en die rustyd wat aangebreek het. Vier asseblief *Pesach* volgens Skrif en verbly jouself in die vreugde wat dit bring.

Hein Zentgraf
(theway146@silvertrumpet.net)
14 *Adar* II 5782 / 17 Maart 2022
Bygewerk op 20 *Adar* 5786 / 8 Maart 2026